

27 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 2:1-23

Fokusgedeelte: Kolossense 2:6, 7

Die hoofsaak van ons geloofslewe

Sodra 'n jongman en meisie in die huwelik aan mekaar verbind word, neem hulle mekaar aan as huweliksmats. Om die huwelik te laat slaag, moet hierdie twee persone voortdurend in verbondenheid met mekaar lewe. Hulle moet voortdurend waak teen dit wat neig om hulle van mekaar te vervreem. Dit vra toewyding.

Dieselfde geld vir ons verhouding met die Here. Ons opdrag is om in verbondenheid met Hom te lewe. Ons put ons krag uit Hom en is aan Hom verbonde soos 'n loot aan 'n druiwestok. Ons sal ons nooit deur "moets" en "moenies" kan dissiplineer om nader aan Christus te kom nie. Geen godsdienstige of ander tradisies kan belangriker wees as om in verbondenheid met Christus te leef nie.

God openbaar Homself in Christus op 'n wonderlike wyse aan ons. Hierdie kennis kom deur sy Gees en Woord tot elkeen wat in verbondenheid met Christus leef – nie as resepte nie, maar as diepe oortuigings van dit wat vir God belangrik is.

Wanneer ons die Here as Verlosser aangeneem het, is ons lewe nie dadelik in alles reg nie. Die Christelike lewe is 'n voortdurende groeiproses en die verandering vind soms maar stadig plaas. Daarom is dit nodig dat ons voortdurend ons hoop op Christus stel. Maar dit is ook vir Christene net so belangrik dat ons in verbondenheid met mekaar sal bly lewe. Elkeen kan nie maar sy eie pad kies en sê: Só gaan ek die Here dien nie. Ons moet saam daarna soek om te groei en vas te stel wat dit is wat ons groei benadeel.

Kyk vandag rondom jou om te sien wie die Here op jou pad plaas om jou hierin te ondersteun en vir wie jy kan ondersteun.

Sing: Skrifberyming 43:5

Dr ME Schalekamp (Roodepoort)

